

MUSIEK



Brubeck jr - omring deur argitektuur

Foto: Andrea Vinassa

Jazzanians by Kippies

DIE Jazzanians is oppad, en as jy 'n jazz-aanhanger is, sal dit eenvoudig 'n simpel ding wees om hulle mis te loop. Die enigste kans om hulle te sien, is van Dinsdag tot Sondag by Kippies.

Die groep het Darius Brubeck (spruit van Dave "Take Five" Brubeck) aan die spits. Darius is die stigter van die Universiteit van Natal se jazz-program. Dit is die eerste kursus van sy soort in Suid-Afrika en seker die enigste op die kontinent. Die Jazzanians was die enigste SA-groep wat in 1987 uitgenooi is om die National Association of Jazz Educators-konferensie in Detroit by te woon.

Die groep was een van die hoogtepunte by dié konferensie (Jazz - An International Language) en hulle unieke jazz-mengsel is hoog aangeprys deur die Amerikaanse kritici. Die lede het almal by Dave Brubeck se huis in Connecticut tuisgegaan en geoefen en ook saam met hom opgetree. Ná 'n "live"-show op

NBC TV is 'n dokumentêre rolprent oor die Amerikaanse nasionale netwerktelevisie uitgesaai.

Volgens lede van die groep is die Amerikaners tegnies die plaaslike jazz-musikante myle vooruit. Maar hulle benodig die oorspronklikheid van ons musikante en die verskeidenheid van invloede wat vandag Suid-Afrikaanse jazz genoem word.

Die Jazzanians se ghitaarspeler, Sandile Shange is grotendeels verantwoordelik vir die groep se eiesoortige township-invloed. Sy komposisies is al op TV2 saam met die Victor Ntoni Big Band bekend gestel.

Die groep kry dit reg om tradisionele Zoeloe-ghitaar (met oop instemming), standaard mbaqanga, mainstream westerse jazz (veral uit die vyftiger- en sestigerjare) en Brubeck se rock/funk/jazz-fusion te kombineer sonder dat een styl die ander oorheers. 'n Belangrike geleentheid om by te woon.